# Onbekend oor harde teerstrate

*lag baba lag*
*jou pappa het gaan jag*
*met sy teleskopiese Sauer & Sohn 30.08*

*wielie wielie ons dorp se walies*
*die vingers deur die tralies*
*is wit en vet en bloot*
*buite die lekkergoedhuis*
*word waaragtig vuur gestook*

(Antjie Krog, Die Jerusalemgangers)

**Die stof van Mangaung buite Bloemfontein gaan nie sommer in 'n mens se klere sit nie. HENNING MYBURGH (regs), 'n tydelike inwoner van die township, het die lewe aan albei kante van die spoor ervaar.**



Om vanuit Molatedistraat by die stad se sportkompleks te kom, ry jy met slaggaterige stofstrate deur Phahameng, Bochabella en Batho, verby die nywerheidsgebied en onderdeur die treinspoor.

Die strate hier is oorvol met vuil sokkerspelende kinders, voetgangers en 'Zola Budds'. Vasgedruk tussen die rye halfhuise met hangdrade, spook daar die hele tyd die klap van 'n klip op jou kar. Daniël Rampimpi en sy bende is weer los en hierdie kar is dalk die enigste in die straat. Deur die geraas en die gedruk sal 'n mens tog kan hoor: 'Hei, Leburu, o ya hokae, mpalamise? Vat my saam, Ntate, vat my saam.'

Hierdie deel van die reis is soos baie ander regoor Afrika. Vanaf Dar es Salaam oor Nairobi tot Addis Abeba. Van Abidjan en Lagos tot Asmara.



Vanaf die treinspoorduikweg verander die reis. Eers is daar die sakesentrum. Swartmense peul uit groot busse wat lomp bo-op winkelsentrums by 'n dakterminus stop. Saam, maar onbekend, maal almal oor harde teerstrate.

Ná die sakesentrum ry 'n mens verder deur Westdene, Generaal Dan Pienaar, Universitas en uiteindelik Parkwes en Willows. Hier is die strate stil. Motors swiep geruisloos verby en sus tot stilstand onder diep skaduwees. Pop-up sproeiers stotter per afspraak orent onder toesig van anderkant-die-treinspoor. Saam klee hulle stil tuine in 'n hemelskleed. Iewers ver agtertoe vermoed ons spa-baddens vir Meneer/Mevrou (ná 'Jog Gym en Joga').

Vanuit die diep parkeerskaduwees stap jy deur lushowe na die sportarena. By die hekkie vertoef ons eers 'n bietjie en raak manne-by-die-braaiers-met-die-bierhand geblik. Welgeluksalig sit ons later in die losie en wag kwylend vir die eerste skedel en been om te breek. Tussendeur praat ons driftig oor d–s, dop en dônner. Die ritueel is noodsaaklik om nog 'n week se orkestrade te kan verduur.

Laatmiddag ry jy versadig terug terwyl jeugreffreine van oorwinning opklink: 'Die besem, die besem, ons vee alweer, ons vee alweer die ander in die see.'

Terug tot by die spoorlynduikweg, onderdeur die duikweg en ooswaarts weg van die spoorlyn tot by die huis van Aliena Rantiena in Molatedistraat. Hier woon Aliena Rantiena met haar twee kinders, Temba en Patricia. Haar man is twaalf jaar gelede dood in 'n treinongeluk toe hy tydens rangeerwerk tussen twee trokke middeldeur gedruk is.

Die pensioen wat sy kry is nie genoeg om haar en die kinders behoorlik te onderhou nie en daarom laat sy ander mense toe om teen R100 per maand óf 'n kamer in haar huis te huur óf 'n deel van die erf te gebruik as 'n staanplek vir 'n shanty.

Op die oomblik is daar Seliena Pholoholo en haar man, Thami, wat albei verpleërs is, Samuel Rampai wat tuinwerk doen by die boere aan die ander kant van die spoorlyn en Thengiwe Rampai wat los werkies in sy politieke party se streekhoofkantoor doen. As gevolg hiervan is Aliena se huis in 'n beter toestand as ander in die omtrek waar omtrent al die inwoners werkloos is. Alles in die huis is pynlik netjies en Aliena is uiters gesteld daarop dat mense op haar erf hulle goed moet gedra. Bierdrink is uit; daarvoor moet jy om die hoek na die sjebeen gaan of jy kan later in die aand om die konkavuur in die erf langsaan gaan sit waar iemand dalk genoeg bymekaargeskraap het vir 'n paar bottels.

In die huis, die sjebeen en om die konka sal die gesels vanaand soos gisteraand gaan oor die stryd om lewensmiddele in die hande te kry en oor wat die politieke partye daaraan doen. Aliena het geen ooghare vir politiek nie en daarom sal die gesprek in die huis nie veel verder gaan as die plaaslike probleme soos die twis tussen die taxi-eienaars en die gesubsidieerde busmaatskappy wat mense direk uit die township tot op die dak van 'n sentrum in die middestad van Bloemfontein wil vervoer nie. Dit beteken goedkoper vervoer vir die passasiers maar geen inkomste vir 'n hele klomp taxi-bestuurders en hawkers nie.

Om die konka en in die huis is daar in die algemeen opstandigheid omdat die blankes wat alreeds alles het nou ook die bietjie wat die hawkers en die taxi bestuurders het, gaan vat. Niemand weet veel van die negotiations forum en vredeskomitee wat gestig is om dié soort probleme te besleg nie. Dié wat daarvan wil weet, moet gewoonlik die aktiviste gaan vra.

Mense beweeg heen en weer na die enigste kraan voor in die erf om water te gaan haal vir kosmaak, was en ander doeleindes.

Die konka-kuier hou lank aan. Die invloed van geld en werk word bespreek. Daar kan woedend gestry word oor God. Bestaan hy? Is hy wit of swart? Hoekom help hy nie? Later sal almal dans. In 'n kring, rukkend en driftig, al om die konka.

Laataand word alles stil onder die hoë, geel ligte. Die stank van die puttoilette hang swaar in die lug.

**Henning Myburgh is streekdirekteur van Idasa in Bloemfontein.**